



Official Gazette



Offisiële Koerant

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRICES: S.A. . 40c Plus 5c G.S.T. OVERSEAS: 50c

PRYS: S.A. 40c Plus 5c A.V.B. OORSEE: 50c

Vol 231

PRETORIA 3 AUGUST
3 AUGUSTUS 1988

4576

OFFICIAL GAZETTE OF THE TRANSVAAL
(Published every Wednesday)

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria, and if delivered by hand, must be handed in on the Ground Floor, Merino Building. Free copies of the *Provincial Gazette* or cuttings of advertisements are not supplied.

Subscription Rates (payable in advance)

Transvaal *Official Gazette* (including all Extraordinary Gazettes) are as follows:

Yearly (post free) — R21,00 plus GST.

Zimbabwe and Overseas (post free) — 50c each plus GST.

Price per single copy (post free) — 40c each plus GST.

Obtainable at Merino Building, Room No 6 (street level) Pretoria 0002.

Closing Time for Acceptance of Advertisements

All advertisements must reach the Officer in Charge of the *Provincial Gazette* not later than 16h00 on the Tuesday a week before the Gazette is published. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week.

Advertisement Rates

Notices required by Law to be inserted in the *Official Gazette*:

Double column — R5,00 per centimetre or portion thereof. Repeats — R4,00.

Single column — R1,80 per centimetre. Repeats — R1,20.

Subscriptions are payable in advance to the Provincial Secretary, Private Bag X64, Pretoria 0001.

CG D GROVE
Provincial Secretary
K 5-7-2-1

Proclamation

No 33 (Administrator's), 1988

PROCLAMATION

MEYERTON MUNICIPALITY: ALTERATION OF BOUNDARIES

Under the powers vested in me by section 14(3) of the Transvaal Board for the Development of Peri-Urban Areas Ordinance, 1943, I do hereby proclaim that the areas de-

OFFISIËLE KOERANT VAN DIE TRANSVAAL
(Verskyn elke Woensdag)

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria, geadresseer word en indien per hand afgelewer, moet dit op die Grond Vloer, Merino-gebou ingedien word. Gratis eksemplare van die *Offisiële Koerant* of uitknipsels van advertensies word nie verskaf nie.

Intekengeld (vooruitbetaalbaar)

Transvaalse *Offisiële Koerant* (met inbegrip van alle Buitengewone Koerante) is soos volg:

Jaarliks (posvry) — R21,00 plus AVB.

Zimbabwe en Oorsee (posvry) — 50c elk plus AVB.

Prys per eksemplaar (posvry) — 40c elk plus AVB.

Verkrygbaar by Merino-gebou, Kantoor No 6 (straatvlak), Pretoria 0002.

Sluitingstyd vir Aannee van Advertensies

Alle advertensies moet die Beampte belas met die *Offisiële Koerant* bereik nie later nie as 16h00 op Dinsdag 'n week voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week.

Advertensietariewe

Kennisgewings wat volgens Wet in die *Offisiële Koerant* geplaas moet word:

Dubbelkolom — R5,00 per sentimeter of deel daarvan. Herhaling — R4,00.

Enkelkolom — R1,80 per sentimeter. Herhaling — R1,20.

Intekengelde is vooruitbetaalbaar aan die Provinsiale Sekretaris, Privaatsak X64, Pretoria 0001.

CG D GROVE
Provinsiale Sekretaris
K 5-7-2-1

Proklamasie

No 33 (Administrateurs-), 1988

PROKLAMASIE

MUNISIPALITEIT MEYERTON: UITBREIDING VAN GRENSE

Kragtens die bevoegdhede aan my verleen by artikel 14(3) van die Ordonnansie op die Transvaalse Raad vir die Ontwikkeling van Buitestedelike Gebiede, 1943, proklameer ek

scribed in the Schedule hereto, are hereby excluded from the area of jurisdiction as contemplated in section 14(2) of that Ordinance, with effect from the date of this proclamation.

Given under my Hand at Pretoria, on this 11th day of July, One thousand Nine hundred and Eighty-eight.

Administrator of the Province Transvaal
PB 3-2-3-97 Vol 3

SCHEDULE A

AREA 2

Beginning at the northernmost beacon of Bolton Wold Agricultural Holdings Extension 1 (General Plan SG No A661/53), thence south-eastwards and south-westwards to the southernmost beacon thereof, thence north-westwards and north-eastwards along the boundaries of the following properties: Bolton Wold Small Holdings (General Plan SG No A7430/53) and the said Bolton Wold Agricultural Holdings Extension 1 to the northernmost beacon thereof, the point of beginning.

Administrator's Notices

Administrator's Notice 856

20 July 1988

MEYERTON MUNICIPALITY: ALTERATION OF BOUNDARIES

The Administrator has in terms of section 9(7) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), altered the boundaries of the Meyerton Municipality by the incorporation therein of the area described in the schedule hereto.

SCHEDULE AREA 2

Beginning at the northernmost beacon of Bolton Wold Agricultural Holdings Extension 1 (General Plan SG No A661/53), thence south-eastwards and south-westwards to the southernmost beacon thereof, thence north-westwards and north-eastwards along the boundaries of the following properties: Bolton Wold Small Holdings (General Plan SG No A7430/53) and the said Bolton Wold Agricultural Holdings Extension 1 to the northernmost beacon thereof, the point of beginning.

PB 3-2-3-97

Administrator's Notice 893

27 July 1988

TOWN COUNCIL OF WHITE RIVER

WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM RATING

Notice is hereby given that the Town Council of White River has requested the Administrator to exercise the authority conferred on him by section 9(10) of Ordinance 17 of 1939, and withdraw the existing exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in respect of the area described in the Schedule hereto.

All interested persons are entitled to submit reasons in writing to the Provincial Secretary: Community Services Branch, Private Bag X437, Pretoria within 30 days of the first

hierby dat die gebiede omskryf in die Bylae hierby uit die regsgebied soos beoog in artikel 14(2) van daardie Ordonnansie met ingang van die datum van hierdie proklamasie uitgesny word.

Gegee onder my Hand te Pretoria op hede die 11e dag van Julie, Eenduisend Negehoederd Agt-en-tagtig.

Administrateur van die Provinsie Transvaal
PB 3-2-3-97 Vol 3

BYLAE A

GEBIED 2

Begin by die noordelikste baken van Bolton Wold Landbouhoewes Uitbreiding 1 (Algemene Plan LG No A661/53) daarvandaan suidooswaarts en suidweswaarts genoem tot by die suidelike baken van genoemde Bolton Wold Uitbreiding 1, daarvandaan noordweswaarts en noordooswaarts met die grense van die volgende eiendomme langs Bolton Wold Kleinhoewes (Algemene Plan LG No A7430/53) en genoemde Bolton Wold Landbouhoewes Uitbreiding 1 tot by die noordoostelike baken daarvan, die beginpunt.

Administrateurskennisgewings

Administrateurskennisgewing 856

20 Julie 1988

MUNISIPALITEIT MEYERTON: VERANDERING VAN GRENSE

Die Administrateur het ingevolge artikel 9(7) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), die grense van die Munisipaliteit Meyerton verander deur die inlywing daarby van die gebied wat in die bylae hierby omskryf word.

· BYLAE GEBIED 2

Begin by die noordelikste baken van Bolton Wold Landbouhoewes Uitbreiding 1 (Algemene Plan LG No A661/53) daarvandaan suidooswaarts en suidweswaarts genoem tot by die suidelike baken van genoemde Bolton Wold Uitbreiding 1 daarvandaan noordweswaarts en noordooswaarts met die grense van die volgende eiendomme langs Bolton Wold Kleinhoewes (Algemene Plan LG No A7430/53) en genoemde Bolton Wold Landbouhoewes Uitbreiding 1 tot by die noordoostelike baken daarvan, die beginpunt.

PB 3-2-3-97

Administrateurskennisgewing 893

27 Julie 1988

STADSRAAD VAN WITRIVIER

INTREKKING VAN VRYSTELLING VAN EIENDOMSBELASTING

Die Administrateur maak hierby bekend dat die Stadsraad van Witrivier hom versoek het om die bevoegdheid aan hom verleen deur die bepalings van artikel 9(10) van Ordonnansie 17 van 1939, uit te oefen en die bestaande vrystelling van die bepalings van die Plaaslike Bestuur Belasting Ordonnansie, 1933 ten opsigte van die gebied uiteengesit in die Bylae in te trek.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Provinsiale Sekretaris: Tak Gemeenskapsdienste, Pri-

publication of this notice why the request of the Town Council of White River should not be granted.

PB 3-5-11-2-74

SCHEDULE

Portions 2, 6, 7, 8, 9, 10 and 11 of the farm Paarklip 280 JT;
 Remaining Portion and Portions 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9 and 10 of the farm Katoen 278 JT;
 Remaining Portion and Portions 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 11, 12, 14, 15, 16, 17, 19, 20, 21, 22, 26 and 27 of the farm Werkzaam 107 JU;
 Remaining Portion and Portions 1, 2, 3 and 4 of the farm Dip 108 JU;
 Remaining Portion of the farm Latwai 225 JT;
 Holdings 43 to-92 (inclusive) of White River Agricultural Holdings Extension 1;
 Holdings 94 and 95 of White River Agricultural Holdings Extension 2;
 Portion 51 of the farm White River 64 JU; and
 Portion 92 (a portion of Portion 86) of the farm White River 64 JU (in extent 10,1171 ha).

Administrator's Notice 930 3 August 1988

WADEVILLE EXTENSION 12 TOWNSHIP

CORRECTION NOTICE

The Schedule to Administrator's Notice 1135 dated 29 July 1987 is hereby rectified by the insertion in clause 1(5) in the English text the expression "but excluding Surface Right Permit A96/1932 which does not affect the township area" after the words "rights to minerals".

PB 4-2-2-6036

Administrator's Notice 931 3 August 1988

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT (ACT 84 OF 1967)

NOTICE OF CORRECTION

It is hereby notified in terms of section 38 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that whereas an error occurred in Administrator's Notice No 712 dated 15 June 1988 the Administrator has approved the correction of the notice by adding the following words after the word "approved" — "that conditions (j)(vi) and (j)4 in Deed of Transfer T46913/1974 be removed" and that the rest of the wording be cancelled.

PB 4-14-2-1460-18

Administrator's Notice 932 3 August 1988

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967: ERVEN 3 AND 4, NORTHCLIFF TOWNSHIP

It is hereby notified in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Administrator has approved that —

1. Conditions (a) and (e) in Deed of Transport

vaatsak X437, Pretoria redes aan te voer waarom daar nie aan die Stadsraad van Witrivier se versoek voldoen moet word nie.

PB 3-5-11-2-74

BYLAE

Gedeeltes 2, 6, 7, 8, 9, 10 en 11 van die plaas Paarklip 280 JT;

Resterende Gedeelte en Gedeeltes 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 9 en 10 van die plaas Katoen 278 JT;

Resterende Gedeelte en Gedeeltes 1, 2, 3, 4, 5, 6, 7, 8, 11, 12, 14, 15, 16, 17, 19, 20, 21, 22, 26 en 27 van die plaas Werkzaam 107 JU;

Resterende Gedeelte en Gedeeltes 1, 2, 3 en 4 van die plaas Dip 108 JU;

Resterende Gedeelte van die plaas Latwai 225 JT;

Hoewes 43 tot 92 (ingesluit) van White River Agricultural Holdings Uitbreiding 1;

Hoewes 94 en 95 van White River Agricultural Holdings Uitbreiding 2;

Gedeelte 51 van die plaas White River 64 JU; en

Gedeelte 92 ('n gedeelte van Gedeelte 86) van die plaas White River 64 JU, groot 10,1171 ha.

Administrateurskennisgewing 930 3 Augustus 1988

DORP WADEVILLE UITBREIDING 12

KENNISGEWING VAN VERBETERING

Die Bylae tot Administrateurskennisgewing 1135 van 29 Julie 1987 word hiermee verbeter deur in klousule 1(5) in die Afrikaanse teks die uitdrukking "maar uitgesonderd oppervlakregpermit A96/1932 wat nie die dorp raak nie" in te voeg na die woorde "regte op minerale".

PB 4-2-2-6036

Administrateurskennisgewing 931 3 Augustus 1988

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS (WET 84 VAN 1967)

KENNISGEWING VAN VERBETERING

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 38 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat nademaal 'n fout in Administrateurskennisgewing No 712 gedateer 15 Junie 1988 ontstaan het, het die Administrateur goedgekeur dat bogenoemde kennisgewing gewysig word deur die volgende woorde by te voeg na die woorde "goedgekeur het" — "dat voorwaardes (j)(vi) en (j)4 opgehef word" en dat die res van die bewoording gekanselleer word.

PB 4-14-2-1460-18

Administrateurskennisgewing 932 3 Augustus 1988

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967: ERWE 3 EN 4, DORP NORTHCLIFF

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat —

1. Voorwaardes (a) en (e) in Akte van Transport

T30060/1984 and conditions B(b) and B(f) in Deed of Transfer T40120/1986 be removed; and

2. Johannesburg Town-planning Scheme, 1979, be amended by the rezoning of Erven 3 and 4, Northcliff Township to "Residential 1" with a density of "One dwelling per 2 000 m²" and which amendment scheme will be known as Johannesburg Amendment Scheme 2090, as indicated on the relevant Map 3 and scheme clauses which are open for inspection at the offices of the Executive Director: Community Services Branch, Pretoria and the Town Clerk of Johannesburg.

PB 4-14-2-947-15

Administrator's Notice 933

3 August 1988

VEREENIGING AMENDMENT SCHEME 344

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Vereeniging Town-planning Scheme, 1/1956, by the rezoning of Erven 102, 107, 113 and 118, Leeuhof to "Residential 1" with a density of "One dwelling per 5 000 ft²".

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Community Services Branch, Pretoria and the Town Clerk, Vereeniging and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vereeniging Amendment Scheme 344.

PB 4-9-2-36-344

Administrator's Notice 934

3 August 1988

VADERBIJLPARK AMENDMENT SCHEME 13

It is hereby notified in terms of section 36(1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that the Administrator has approved the amendment of Vanderbijlpark Town-planning Scheme, 1987, by the rezoning of Erf 205, Vanderbijlpark CE 6, Extension 1 to "Special" for such purposes as may be permitted and subject to such requirements as may be approved in writing by the local authority.

Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Executive Director: Community Services Branch, Pretoria and the Town Clerk, Vanderbijlpark and are open for inspection at all reasonable times.

This amendment is known as Vanderbijlpark Amendment Scheme 13.

PB 4-9-2-34H-13

Administrator's Notice 935

3 August 1988

REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967: PORTIONS 142 AND 133 OF THE FARM KLIPFONTEIN NO 203 IQ

It is hereby notified in terms of section 2(1) of the Removal of Restrictions Act, 1967, that the Administrator has approved that conditions A and B in Deed of Transfer T42275/83 be removed and conditions 1 to 6 in Deeds of Transport T32078/1975 and T49128/1983 be removed.

PB 4-15-2-21-203-2

T30060/1984 en voorwaardes B(b) en B(f) in Akte van Transport T40120/1986 opgehef word; en

2. Johannesburg-dorpsbeplanningskema, 1979, gewysig word deur die hersonering van Erwe 3 en 4, dorp Northcliff tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 2 000 m²" welke wysigingskema bekend staan as Johannesburg-wysigingskema 2090, soos toepaslik aangedui op die toepaslike Kaart 3 en skemaklousules wat ter insae lê in die kantore van die Uitvoerende Direkteur: Tak Gemeenskapsdienste, Pretoria en die Stadsklerk van Johannesburg.

PB 4-14-2-947-15

Administrateurskennisgewing 933

3 Augustus 1988

VEREENIGING-WYSIGINGSKEMA 344

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Vereeniging-dorpsaanlegskema, 1/1956, gewysig word deur die hersonering van Erwe 102, 107, 113 en 118, Leeuhof tot "Residensieel 1" met 'n digtheid van "Een woonhuis per 5 000 vt²".

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Gemeenskapsdienste, Pretoria en die Stadsklerk, Vereeniging en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Vereeniging-wysigingskema 344.

PB 4-9-2-36-344

Administrateurskennisgewing 934

3 Augustus 1988

VANDERBIJLPARK-WYSIGINGSKEMA 13

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 36(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Vanderbijlpark-dorpsbeplanningskema, 1987, gewysig word deur die hersonering van Erf 205, Vanderbijlpark CE 6, Uitbreiding 1 tot "Spesiaal" vir sodanige doeleindes en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat skriftelik deur die plaaslike bestuur goedgekeur word.

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Uitvoerende Direkteur: Gemeenskapsdienste, Pretoria en die Stadsklerk, Vanderbijlpark en is beskikbaar vir inspeksie op alle redelike tye.

Hierdie wysiging staan bekend as Vanderbijlpark-wysigingskema 13.

PB 4-9-2-34H-13

Administrateurskennisgewing 935

3 Augustus 1988

WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967: GEDEELTES 142 EN 133 VAN DIE PLAAS KLIPFONTEIN NO 203 IQ

Hierby word ooreenkomstig die bepalings van artikel 2(1) van die Wet op Opheffing van Beperkings, 1967, bekend gemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat voorwaardes A en B in Akte van Transport T42275/83 opgehef word en voorwaardes 1 tot 6 in Aktes van Transport T32078/1975 en T49128/1983 opgehef word.

PB 4-15-2-21-203-2

Administrator's Notice 936

3 August 1988

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of regulation 23(1) of the Township Establishment and Land Use Regulations, 1986, made under section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), the Administrator hereby declares Alexandra East Bank Township to be an approved township subject to the conditions set out in the schedule hereto.

A6-5-2-A97(X2)

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ALEXANDRA TOWN COUNCIL UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIP ESTABLISHMENT AND LAND USE REGULATIONS, 1986, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 33 OF THE FARM LOMBARDY 36 IR, PROVINCE OF TRANSVAAL, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS TO BE COMPLIED WITH BEFORE THE LAND BECOMES REGISTERABLE IN TERMS OF REGULATION 25(2)

(1) Name

The name of the township shall be Alexandra East Bank.

(2) Design

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan L No 600/87.

(3) Disposal of Existing Conditions of Title

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding —

(a) the following servitudes which do not affect the township area:

(i) Servitude K1958/74S.

(ii) Servitude K3904/77S in favour of the Town Council of Sandton.

(iii) Servitude K1505/82S in favour of Escom.

(iv) Servitude K3058/86S in favour of Escom.

(v) "By Notarial Deed No 883/1955S, the right has been granted to E S Cow to convey electricity over the property hereby conveyed together with ancillary rights, are subject to conditions, as will more fully appear on reference to said Notarial Deed and diagram, grosse whereof is hereunto annexed."

(vi) "Subject to a servitude of Right of way 30 (thirty) feet wide shown on the said annexed Diagram SG No A2000/45, framed by Surveyor B van Zijl in February and March 1945, and lettered a b c d e f g, in favour of

(i) certain Lot 4 of the farm Lombardy No 2, district Germiston; measuring 2 morgen 218 square roods, and

(ii) certain Lot 5 of the farm Lombardy No 2, district Germiston; measuring 2 morgen 217 square roods;

both properties held by Deed of Transfer No 19277/1936 dated 26 October 1936.

(vii) Further subject to a servitude of Right of way 30 (thirty) feet wide shown on the said Diagram SG No A2000/45, and lettered eyghkl, in favour of

(i) the said Lot 4 of the farm Lombardy No 2, district Germiston, measuring 2 morgen 218 square roods, and

Administrateurskennisgewing 936

3 Augustus 1988

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge regulasie 23(1) van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies, 1986, uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), verklaar die Administrateur hierby die dorp Alexandra East Bank tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande bylae.

A6-5-2-A97(X2)

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GE-DOEN DEUR ALEXANDRA STADSRAAD INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPSTIGTING-EN GRONDGEBRUIKSREGULASIES, 1986, OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 33 VAN DIE PLAAS LOMBARDY 36 IR, PROVINSIE TRANSVAAL, TOEGESTAAN IS

1. VOORWAARDES WAARAAN VOLDOEN MOET WORD VOORDAT DIE GROND REGISTREERBAAR WORD INGEVOLGE REGULASIE 25(2)

(1) Naam

Die naam van die dorp sal wees Alexandra East Bank.

(2) Uitleg

Die dorp sal bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L No 600/87.

(3) Beskikking oor Bestaande Titelvoorwaardes

Alle erwe sal onderworpe gestel word aan bestaande voorwaardes en servitude, indien daar is, met inbegrip van die reservering van mineraleregte, maar uitgesonderd —

(a) die volgende servitude wat nie die dorp raak nie:

(i) Servitude K1958/74S.

(ii) Servitude K3904/77S in favour of the Town Council of Sandton.

(iii) Servitude K1505/82S in favour of Escom.

(iv) Servitude K3058/86S in favour of Escom.

(v) "By Notarial Deed No 883/1955S, the right has been granted to E S Cow to convey electricity over the property hereby conveyed together with ancillary rights, are subject to conditions, as will more fully appear on reference to said Notarial Deed and diagram, grosse whereof is hereunto annexed."

(vi) "Subject to a servitude of Right of way 30 (thirty) feet wide shown on the said annexed Diagram SG No A2000/45, framed by Surveyor B van Zijl in February and March 1945, and lettered a b c d e f g, in favour of

(i) certain Lot 4 of the farm Lombardy No 2, district Germiston; measuring 2 morgen 218 square roods, and

(ii) certain Lot 5 of the farm Lombardy No 2, district Germiston; measuring 2 morgen 217 square roods;

both properties held by Deed of Transfer No 19277/1936 dated the 26 October 1936.

(vii) Further subject to a servitude of Right of way 30 (thirty) feet wide shown on the said Diagram SG No A2000/45, and lettered eyghkl, in favour of

(i) the said Lot 4 of the farm Lombardy No 2, district Germiston, measuring 2 morgen 218 square roods, and

(ii) the said Lot 5 of the farm Lombardy No 2, district Germiston, measuring 2 morgen 217 square roods.

Both properties held by the said Deed of Transfer No 19277/1936 dated 26 October 1936.”;

(b) the servitude in favour of the Johannesburg City Council as shown on servitude Diagram SG No A8703/87 which affects Erven 1, 36, 88, 309, 410, 429, 435 to 437, 439, 446, 448 to 451, 453, 547, 549 to 556, 644, 763, 766, 868 to 870, 872 and streets in the township only.

(4) Land for Municipal Purposes

The township applicant shall reserve the following erven for municipal purposes:

Parks (public open space): Erven 867 to 872.

General: Erf 36.

(5) Repositioning of Circuits

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to reposition any existing circuits of the Electricity Supply Commission, the cost thereof shall be borne by the township applicant.

(6) Installation and Provision of Services

The township applicant shall install and provide all internal and external services in or for the township.

(7) Demolition of Buildings and Structures

The township applicant shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished, if and when necessary.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Township Establishment and Land Use Regulations, 1986.

(1) All Erven with the Exception of the Erven Mentioned in Clause 1(4)

(a) The erf is subject to a servitude, 1 metre wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 1 metre wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may waive compliance with the requirements of this servitude.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 1 metre thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion, may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose, subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

(d) Proposals to overcome detrimental soil conditions to the satisfaction of the local authority shall be contained in all building plans submitted for approval and all buildings shall

(ii) the said Lot 5 of the farm Lombardy No 2, district Germiston, measuring 2 morgen 217 square roods.

Both properties held by the said Deed of Transfer No 19277/1936 dated the 26 October 1936.”;

(b) die servituut ten gunste van die Johannesburg Stadsraad soos aangetoon op Servituut Diagram LG No A8703/87 wat slegs Erwe 1, 36, 88, 309, 410, 429, 435 tot 437, 439, 446, 448 tot 451, 453, 547, 549 tot 556, 644, 763, 766, 868 tot 870, 872 en strate in die dorp raak.

(4) Grond vir Munisipale Doeleindes

Die dorpsdigter moet die volgende erwe voorbehou vir munisipale doeleindes:

Parke (openbare oopruimte): Erwe 867 tot 872.

Algemeen: Erf 36.

(5) Herposisionering van Elektriese Bane

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig sou word om enige bestaande stroombane van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie te herplaas, word die koste daaraan verbode deur die dorpsdigter gedra.

(6) Installasie en Voorsiening van Dienste

Die dorpsdigter moet alle interne en eksterne dienste in of vir die dorp installeer en voorsien.

(7) Sloping van Geboue en Strukture

Die dorpsdigter moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwe, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop, indien en wanneer nodig.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Dorpsdigting- en Grondgebruiksregulasies, 1986.

(1) Alle Erwe met Uitsondering van die Erwe genoem in Klousule 1(4)

(a) Die erf is onderworpe aan 'n servituut, 1 meter wyd, ten gunste van die plaaslike owerheid, vir riool- en ander munisipale doeleindes, langs enige twee grense uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele servituut van 1 meter wyd, vir munisipale doeleindes, oor die toegangsdeel van die erf, indien en wanneer deur die plaaslike owerheid benodig: Met dien verstande dat die plaaslike owerheid vrystelling kan erleen van die nakoming van hierdie servituutreg.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag opgerig word binne die bogenoemde servituutgebied nie en geen grootwortelbome mag in die gebied van sodanige servituut of binne 1 meter daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike owerheid is daarop geregtig om tydelik op die grond aangrensend aan die voorgenoemde servituutgebied, sodanige materiaal te stort as wat uitgegrawe mag word in die loop van die konstruksie, onderhoud of verwydering van sodanige hoofrioolleidings of ander werk as wat hy na sy oordeel nodig ag en is voorts geregtig op redelike toegang tot genoemde grond vir bogenoemde doel, onderworpe daaraan dat enige skade aangerig tydens die proses van konstruksie, instandhouding of verwydering van sodanige hoofrioolleidings en ander werk, goed te maak deur die plaaslike owerheid.

(d) Voorstelle om nadelige grondtoestande tot bevrediging van die plaaslike owerheid te oorkom moet in alle bouplanne wat vir goedkeuring voorgelê word, vervat word, en alle geboue moet in ooreenstemming met die voorkomende maat-

be erected in accordance with the precautionary measures accepted by the local authority.

(2) *Erven 2 to 35, 37 to 86, 89 to 308, 328 to 366, 394 to 409, 411 to 643, 645 to 762, 764, 765, 767 to 789 and 791 to 866*

The use of the aforesaid site shall be "Residential", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land use Conditions in Annexure F to the Township Establishment and Land Use Regulations, 1986, made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

(3) *Erven 310 to 327, 367, 368 and 370 to 387*

The use of the aforesaid site shall be "Residential", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land Use Conditions in Annexure F of the Township Establishment and Land Use Regulations made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that the following special conditions shall apply in addition to/instead of the said Land Use Conditions:

The occupants of a residential building may practise, inter alia, their social and religious activities and their occupations, professions, or trades, including retail trade, on the properties on which such residential buildings is erected: Provided that —

(a) the dominant use of the property shall remain residential;

(b) the occupation, trade or profession or other activity shall not be noxious; and

(c) the occupation, trade or profession shall not interfere with the amenity of the neighbourhood:

Provided further that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, and in these conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

(4) *Erven 388 to 392*

The use of the aforesaid site shall be "Business", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land Use Conditions in Annexure F to the Township Establishment and Land Use Regulations, 1986, made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

(5) *Erven 867 to 872*

The use of the aforesaid site shall be "Public Open Space", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land Use Conditions in Annexure F to the Township Establishment and Land Use Regulations, 1986, made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

reëls wat deur die plaaslike owerheid aanvaar is opgerig word.

(2) *Erwe 2 tot 35, 37 tot 86, 89 tot 308, 328 tot 366, 394 tot 409, 411 tot 643, 645 tot 762, 764, 765, 767 tot 789 en 791 tot 866*

Die gebruik van die voormelde perseel is "Residensieel", soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies, 1986, uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat, op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes vervang, soos beoog in artikel 57B van die gemelde Wet.

(3) *Erwe 310 tot 327, 367, 368 en 370 tot 387*

Die gebruik van die voormelde perseel is "Residensieel" soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat die volgende spesiale voorwaardes van toepassing is bykomend tot/in plaas van genoemde Grondgebruiksvoorwaardes:

Die okkupeerders van 'n residensieël gebou mag, onder andere, hul sosiale en godsdienstige aktiwiteite en hul beroepe, professies, of ambagte, insluitend kleinhandel, op die persele waarop sulke residensieël geboue opgerig is, praktiseer: Met dien verstande dat —

(a) die hoof gebruik van die perseel residensieel sal bly;

(b) die beroep, ambag of professie of ander aktiwiteit nie skadelik sal wees nie; en

(c) die beroep, ambag of professie nie sal inmeng met die aantreklikheid van die buurt nie.

Met dien verstande voorts, dat op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes, en in hierdie voorwaardes Vervang, soos in artikel 57B van die gemelde Wet beoog.

(4) *Erwe 388 tot 392*

Die gebruik van die voormelde perseel is "Besigheid", soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies, 1986, uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat, op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes vervang, soos beoog in artikel 57B van die gemelde Wet.

(5) *Erwe 867 tot 872*

Die gebruik van die voormelde perseel is "Openbare Oopruimte", soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies, 1986, uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat, op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes vervang, soos beoog in artikel 57B van die gemelde Wet.

(6) Erf 36

The use of the aforesaid site shall be "Municipal", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land Use Conditions in Annexure F of the Township Establishment and Land Use Regulations made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that the following special conditions shall apply in addition to/instead of the said Land Use Conditions:

The erf shall only be used for the purposes of a cemetery and for purposes incidental thereto:

Provided further that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, and in these conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

(7) Erf 763

The use of the aforesaid site shall be "Undetermined", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land Use Conditions in Annexure F to the Township Establishment and Land Use Regulations, 1986, made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

(8) Erf 644

The use of the aforesaid site shall be "Industrial", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land Use Conditions in Annexure F of the Township Establishment and Land Use Regulations made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that the following special conditions shall apply in addition to/instead of the said Land Use Conditions:

The erf shall only be used for the purposes of a parking area and for purposes incidental thereto:

Provided further that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, and in these conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

(9) Erven 1, 87, 88, 309, 369, 393, 410, 766 and 790

The use of the aforesaid site shall be "Community Facility", as defined and subject to such conditions as are contained in the Land Use Conditions in Annexure F to the Township Establishment and Land Use Regulations, 1986, made in terms of section 66(1) of the Black Communities Development Act, 1984: Provided that on the date on which a town-planning scheme relating to the site comes into force the rights and obligations contained in such scheme shall supersede those contained in the aforesaid Land Use Conditions, as contemplated in section 57B of the said Act.

(10) Erven Subject to Special Conditions

In addition to the relevant conditions set out above, Erven 1, 392, 410, 417 to 419, 428, 429 and 766 shall be subject to the following condition:

No building of any nature shall be erected within that por-

(6) Erf 36

Die gebruik van die voormelde perseel is "Munisipaal" soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat die volgende spesiale voorwaardes van toepassing is bykomend tot/in plaas van genoemde Grondgebruiksvoorwaardes:

Die erf moet slegs gebruik word vir die doeleindes van 'n begraaftaas en vir doeleindes in verband daarmee:

Met dien verstande voorts, dat op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes, en in hierdie voorwaardes vervang, soos in artikel 57B van die gemelde Wet beoog.

(7) Erf 763

Die gebruik van die voormelde perseel is "Onbepaald", soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies, 1986, uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat, op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes vervang, soos beoog in artikel 57B van die gemelde Wet.

(8) Erf 644

Die gebruik van die voormelde perseel is "Industrieel", soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat die volgende spesiale voorwaardes van toepassing is bykomend tot/in plaas van genoemde Grondgebruiksvoorwaardes:

Die erf moet slegs gebruik word vir die doeleindes van 'n parkeerarea en vir doeleindes in verband daarmee:

Met dien verstande voorts, dat op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes, en in hierdie voorwaardes vervang, soos in artikel 57B van die gemelde Wet beoog.

(9) Erwe 1, 87, 88, 309, 369, 393, 410, 766 en 790

Die gebruik van die voormelde perseel is "Gemeenskaps-fasiliteit", soos omskryf en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat vervat is in die Grondgebruiksvoorwaardes in Aanhangel F van die Dorpstigting- en Grondgebruiksregulasies, 1986, uitgevaardig kragtens artikel 66(1) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984: Met dien verstande dat, op die datum van inwerkingtreding van 'n dorpsbeplanningskema wat op die perseel van toepassing is, die regte en verpligtinge in sodanige skema vervat, dié in voormelde Grondgebruiksvoorwaardes vervang, soos beoog in artikel 57B van die gemelde Wet.

(10) Erwe Onderworpe aan Spesiale Voorwaardes

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is Erwe 1, 392, 410, 417 tot 419, 428, 429 en 766 aan die volgende voorwaarde onderworpe:

Geen gebou van enige aard moet op daardie gedeelte van

tion of the erf which is likely to be inundated by the floodwaters of a public stream on an average every 50 years, as shown on the approved layout-plan: Provided that the local authority may consent to the erection of buildings on such portion if it is satisfied that the said portion will no longer be subject to inundation.

Administrator's Notice 937

3 August 1988

TOWN COUNCIL OF WATTVILLE: DETERMINATION OF ADDITIONAL POWERS

In terms of section 23(1)(1)(i) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), the Administrator hereby determines that —

(a) the proviso in regard to items 17 and 18 of the Schedule of the said Act, contained in Government Notice 1876 of 31 August 1984, be repealed; and

(b) the said Town Council in respect of its area be invested and charged with all the rights, powers, functions, duties and obligations which have been conferred upon or assigned to any local government body in respect of that area with regard to the matters mentioned in item 25 of the Schedule to the said Act.

File A2/17/2/W57

Administrator's Notice 938

3 August 1988

TOWN COMMITTEE OF DUDUZA: DETERMINATION OF RIGHTS, POWERS, FUNCTIONS, DUTIES AND OBLIGATIONS

In terms of section 23(1)(1)(i) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), the Administrator hereby determines that —

(a) the limitation in regard to items 17 and 18 of the Schedule to the said Act, contained in Government Notice 1480 of 11 July 1986, be repealed in so far as it refers to the Town Committee of Duduza; and

(b) the said Town Committee in respect of its area be invested and charged with all the rights, powers, functions, duties and obligations which have been conferred upon or assigned to any local government body in respect of that area with regard to the matters mentioned in items 14, 19, 20 and 25 of the Schedule to the said Act.

File A2/17/2/D43

Administrator's Notice 939

3 August 1988

DEVIATION AND INCREASE IN WIDTH OF THE ROAD RESERVE OF PUBLIC AND PROVINCIAL ROAD P90-1: MUNICIPAL AREAS OF EVANDER AND KINROSS

In terms of section 5(2)(c) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby deviates a portion of public and provincial road P90-1 and increases the width of the road reserve of the said deviation to varying widths over the properties as indicated on the subjoined sketchplan which also indicates the general direction and situation and the extent of the increase in width of the road reserve of the said deviation, with appropriate co-ordinates of boundary beacons.

In terms of section 5A(3) of the said Ordinance it is hereby

die erf wat gemiddeld elke 50 jaar waarskynlik deur vloedwaters van 'n openbare stroom oorstroom kan word, soos op die goedgekeurde uitlegplan aangetoon, opgerig word nie: Met dien verstande dat die plaaslike owerheid mag toestem dat geboue op sodanige gedeelte opgerig word indien hy oortuig is dat genoemde gedeelte nie meer aan oorstrooming onderworpe is nie.

Administrateurskennisgewing 937

3 Augustus 1988

DORPSRAAD VAN WATTVILLE: BEPALING VAN BYKOMENDE BEVOEGDHEDE

Ingevolge artikel 23(1)(1)(i) van die Wet op die Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982), bepaal die Administrateur hierby dat —

(a) die voorbehoudsbepaling met betrekking tot items 17 en 18 van die Bylae van genoemde Wet, vervat in Goewermentskennisgewing 1876 van 31 Augustus 1984, herroep word; en

(b) daardie Dorpsraad ten opsigte van sy gebied beklee en belas word met al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge wat by of kragtens 'n wet aan 'n plaaslike owerheidsliggaam ten opsigte van daardie gebied verleen of opgedra is met betrekking tot die aangeleentheid vermeld in item 25 van die Bylae van genoemde Wet.

Lêer A2/17/2/W57

Administrateurskennisgewing 938

3 Augustus 1988

DORPSKOMITEE VAN DUDUZA: BEPALING VAN REGTE, BEVOEGDHEDE, WERKSAAMHEDE, PLIGTE EN VERPLIGTINGE

Ingevolge artikel 23(1)(1)(i) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982), bepaal die Administrateur hierby dat —

(a) die beperking ten opsigte van items 17 en 18 van die Bylae van die genoemde Wet, vervat in Goewermentskennisgewing 1480 van 11 Julie 1986, herroep word vir sover dit op die Dorpskomitee van Duduza betrekking het; en

(b) daardie Dorpskomitee ten opsigte van sy gebied beklee en belas word met al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge wat by of kragtens 'n wet aan 'n plaaslike owerheidsliggaam ten opsigte van daardie gebied verleen of opgedra is met betrekking tot die aangeleentheid vermeld in items 14, 19, 20 en 25 van die Bylae van genoemde Wet.

Lêer A2/17/2/D43

Administrateurskennisgewing 939

3 Augustus 1988

VERLEGGING EN VERMEERDERING VAN DIE BREEDTE VAN DIE PADRESERVE VAN OPENBARE- EN PROVINSIALE PAD P90-1: MUNISIPALE GEBIEDE EVANDER EN KINROSS

Kragtens artikel 5(2)(c) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957, verlê die Administrateur hierby 'n gedeelte van openbare- en provinsiale pad P90-1 en vermeerder die breedte van die padreserwe van gemelde verlegging na wisselende breedtes oor die eiendomme soos aangedui op bygaande sketsplan wat ook die algemene rigting en ligging en die omvang van die vermeerdering van die breedte van die padreserwe van gemelde verlegging met toepaslike koördinate van grensbakens aandui.

Kragtens artikel 5A(3) van gemelde Ordonnansie word

declared that boundary beacons, demarcating the said road adjustment, have been erected on the land and that plans PRS 82/40/18V, -/20V and -/21V, indicating the land taken up by the said road are available for inspection by any interested person, at the office of the Provincial Secretary, Roads Branch, Provincial Building, Church Street West, Pretoria.

Approval 164 dated 4 July 1988
Reference: 10/4/1/3-P185-1(1)

hierby verklaar dat grensbakens, wat gemelde padreëling aandui, op die grond opgerig is en dat planne PRS 82/40/18V, -/20V en -/21V, wat die grond wat deur gemelde padreëling in beslag geneem is aandui, by die kantoor van die Provinsiale Sekretaris, Tak Paaie, Provinsiale Gebou, Kerkstraat-Wes, Pretoria, ter insae vir enige belanghebbende persoon beskikbaar is.

Goedkeuring 164 van 4 Julie 1988
Verwysing: 10/4/1/3-P185-1(1)

Administrator's Notice 940

3 August 1988

TOWN COMMITTEE OF RATANDA: DETERMINATION OF RIGHTS, POWERS, FUNCTIONS, DUTIES AND OBLIGATIONS

In terms of section 23(1)(1)(i) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), the Administrator hereby determines that —

(a) the limitation in regard to items 17 and 18 of the Schedule to the said Act, contained in Government Notice 1480 of 11 July 1986, be repealed in so far as it refers to the Town Committee of Ratanda; and

(b) the said Town Committee in respect of its area be invested and charged with all the rights, powers, functions, duties and obligations which have been conferred upon or assigned to any local government body in respect of that area with regard to the matters mentioned in items 19 and 25 of the Schedule to the said Act.

File A2/17/2/R56

Administrator's Notice 941

3 August 1988

AMENDMENT OF ADMINISTRATOR'S NOTICE 615 DATED 1 APRIL 1987 IN CONNECTION WITH THE DEVIATION AND INCREASE IN WIDTH OF THE ROAD RESERVE OF A PORTION OF DISTRICT ROAD 1678 OVER ROODEPOORT 302 IQ: DISTRICT OF KRUGERSDORP

In terms of section 5(3A) of the Roads Ordinance, 1957, the Administrator hereby amends Administrator's Notice 615, dated 1 April 1987, by replacing the sketchplan with the subjoined sketchplan.

Approval: 156 dated 13 June 1988
Reference: 10/4/1/4-1678 (D)

Administrateurskennisgewing 940

3 Augustus 1988

DORPSKOMITEE VAN RATANDA: BEPALING VAN REGTE, BEVOEGDHEDE, WERKSAAMHEDE, PLIGTE EN VERPLIGTINGE

Ingevolge artikel 23(1)(1)(i) van die Wet op Swart Plaaslike Owerhede, 1982 (Wet 102 van 1982), bepaal die Administrateur hierby dat —

(a) die beperking ten opsigte van items 17 en 18 van die Bylae van die genoemde Wet, vervat in Goewernementskennisgewing 1480 van 11 Julie 1986, herroep word vir sover dit betrekking het op die Dorpskomitee van Ratanda; en

